

Uitnodiging vir die benoeming van kandidate vir verkiesing as nie-uitvoerende direkteur op die Raad van Direkteure van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

'n Uitnodiging word hiermee gerig vir die benoeming van kandidate vir oorweging deur aandeelhouders as nie-uitvoerende direkteur op die Raad van Direkteure (Raad) van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB). Een vakature sal ontstaan by die Gewone Algemene Jaarvergadering (AJV) van die SARB wat op 27 Julie 2018 gehou sal word.

Prosedure

Kandidate vir die Raadsvakature mag deur enige lid van die publiek, aandeelhouer of huidige direkteur van die SARB benoem word. Benoemings sal deur 'n onafhanklike Paneel, onder voorsitterskap van die President van die SARB, oorweeg word. Lede van die Paneel sluit in 'n afgetrede regter en nog 'n lid, wat beide deur die Minister van Finansies aangewys is, en drie lede wat deur die Nasionale Ekonomiese Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) aangewys is.

Na behoorlike oorweging van al die benoemings wat ontvang is, sal die name van kandidate wat deur die Paneel aanbeveel is – nie meer nie as drie name vir die Raadsvakature – aan alle aandeelhouders van die SARB gestuur word, wat die nuwe nie-uitvoerende direkteure by die bogenoemde AJV vir 'n tydperk van drie jaar sal verkies.

Kandidate

Daar word van kandidate verwag om geskik en gepas te wees, en om oor die nodige kennis en vaardighede en ten minste vyf jaar se Raadservaring te beskik. Een vakature in die handels-of finansiëlesektor sal by die AJV ontstaan. Kandidate wat benoem word moet dus oor vaardighede in enige van hierdie sektore beskik. Die SARB Raad het bykomend bepaal dat kennis en ervaring van menslike hulpbronne, vergoedingsaangeleenthede en inligtingstegnologiebestuur van nut sal wees.

Daar sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om alle Raadsvergaderings by te woon en op ten minste een komitee van die Raad te dien.

Kandidate vir die Raadsvakature moet in die Republiek van Suid-Afrika woon en moet voldoen aan die voorskrifte van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank 90 van 1989, soos gewysig. Hierdie wetgewing is beskikbaar op die SARB se webtuiste: www.resbank.co.za.

Nominasievorms

Benoemings vir die vakature op die SARB Raad moet op die voorgeskrewe nominasievorm gemaak word. Die vorm is verkrygbaar by:

Me. S L Reynolds

Sekretaris van die Bank

Suid-Afrikaanse Reserwebank

Posbus 427, Pretoria, 0001

Epos: **EXE-NOMINATIONS@resbank.co.za**

Faks: 012 313 4421

Die nominasievorm is ook beskikbaar by **www.resbank.co.za**

Alle voltooidde nominasievorms moet per pos, elektroniese pos of faksimile aan die Sekretaris van die SARB by enige van die bogenoemde adresse gerig word.

Sperdatum

Benoemings vir die Raadsvakatures sluit om **16:00 op Vrydag, 23 Maart 2018**. Benoemings wat na die sperdatum ontvang word sal nie aanvaar word nie.



South African Reserve Bank